Landboudal eksamenrooster Graad 12 September voorbereidings Eksamen 2020.

Dag	Datum	Vak	Tyd
Dinsdag	1 September	Afrikaans HT V3	2.5
Woensdag	2 September	Lewenswetenskap V1 Toerisme	2.5 3
Donderdag	3 September	RTT V1 LBP	3 3
Vrydag	4 September	Lewenswetenskap V2 Landbouwetenskap V1	2.5 3
Maandag	7 September	Rekeningkunde V1 Landboutegnologie	2 3
Dinsdag	8 September	English EAT V1	2.5
Woensdag	9 September	Rekeningkunde V2 Verbruikers	2 3
Donderdag	10 September	Afrikaans HT V2	2.5
Vrydag	11 September	Wiskunde/Wiskundige geletterdheid V1	3
Maandag	14 September	Wiskunde/Wiskundige geletterdheid V2	3
Dinsdag	15 September	RTT Teorie V2	3
Woensdag	16 September	English EAT V2	2.5
Donderdag	17 September	Afrikaans HT V1	2
Vrydag	18 September	Fisiesewetenskap V1	3
Maandag	21 September	Fisiesewetenskap V2	3
Dinsdag	22 September	Landbouwetenskap V2	3
Woensdag	23 September skool sluit	English EAT V3	2.5
L.O Laaste eksamen 19 Oktober 2ure			

Landboudal: Eksamenreëls

1. Tydens eksamen begin die skool daagliks om 08:00 en verdaag om 13:00.
2. Die Vrystaat Onderwysedepartement het die reg om aanvullende vraestelle te skryf tot op die laaste skooldag.
3. Leerders word nie voor die tyd in enige eksamenlokaal toegelaat nie.
4. Geen leerder mag die eksamenlokaal tydens die studie- of skryfsessie verlaat nie, behalwe in krisisomstandighede.
5. Leerders moet betyds by lokale opdaag. Laatkommers sal toelating tot die lokaal geweier word.
6. Daar mag nie tydens die eindassessering van die neergelegde studie- en skryftye afgewyk word nie.
7. Tydens vooraf studie en die skryfsessie mag leerders nie op enige wyse met mekaar kommunikeer nie.
8. Leerders mag tydens die skryfsessie slegs die korrekte skryfmateriaal in besit hê. Geen tasse word tydens studietyd in die lokaal toegelaat nie. Tydens die skryfsessie word boeke buite die lokaal geplaas. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om sy/haar boeke op ‘n veilige plek te plaas. Geen selfoon, slimhorlosie, ens., word in die lokaal toegelaat nie, slegs ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar en net as die vak dit vereis.
9. Geen skryfmateriaal mag op enige tyd in die eksamenlokaal geleen word nie.
10. Absolute stilte en orde word in die lokale vereis. Leerders wat hierdie reël in die geringste mate oortree, moet die lokaal onmiddellik verlaat en by die skoolhoof aanmeld.
11. ‘n Leerder wat afkyk/-skryf of dit probeer doen of op enige wyse oneerlik is of probeer wees tydens die eksamen oortree artikel 8 van die Gedragskode. Sodanige leerder moet verwag om voor die dissiplinêre komitee te verskyn. By skuldigbevinding kan die leerder se uitslag nietig verklaar word.
12. Slegs die skoolhoof of adjunkhoof mag ‘n leerder uit ‘n eksamenlokaal roep gedurende die studiesessie.
13. ‘n Leerder wat afwesig is tydens die eksamen moet een van die volgende dokumente binne 7 dae by die skool indien:
    - Mediese sertifikaat
    - Afskrif van ‘n doodsertifikaat in geval van die afsterwe van ‘n familielid.
    - ‘n Bystandvraestel kan daarna geskryf word.
14. Badkamerbesoeke is beperk tot pouses.
15. In elke lokaal moet daar daagliks twee leerders aangewys word wat sal sorg dat die lokaal na afloop van die eksamen netjies is.
16. **Inhandiging van handboeke en ander leermateriaal (Slegs aan die einde van die jaar):**
    a. Handboeke word na elke skryfbeurt by die klasonderwyser ingegee.
    b. Leerders tree alfabeties voor die klas aan en wag tot sy/haar naam geroep word.
    c. Elke handboek word afgemerk volgens die nommer van die boek soos uitgeteken aan die begin van die jaar.
    d. Indien ‘n boek nie ingegee kan word nie, het die ouer twee (2) dae tyd om dit by die Boekestoor in te gee. Boeke wat verlore geraak het, moet teen die nuwe aankoopprys deur die ouer vervang word. Alle ouers het by leerdertoelating onderneem om handboeke in dieselfde toestand as waarin dit ontvang is, terug te gee.
    e. Vakonderwysers kan van leerders vereis om sommige skryfboeke terug te gee, aangesien die departement dit tydens moderering wil kontroleer.
    f. Alle portefeuljes moet ingegee word en volledig wees, anders word die leerder se promosie teruggehou totdat dit ingedien is.